

# DIE BOEK OPENBARING

## Hoofstuk 21

### Inleiding

Hierdie openbaring wat Johannes ontvang, is heeltemal teenoorgesteld van dit wat hy tot nou toe gesien het. In hoofstuk 19 en 20 het hy die ewige verdoemenis van die antichris en die valse profeet en hulle saamlopers sien gebeur. Almal wie se name nie in die Boek van die Lewe gevind is nie, is in die ewige hel gewerp.

Hoofstuk 21 is die openbaring van 'n presies teenoorgestelde tafereel.

Die hele hoofstuk 21 en die eerste vyf verse van hoofstuk 22 vorm 'n geheel.

Die geskiedenis het op hierdie punt heeltemal verbygegaan. Die Here openbaar aan Johannes dat die nuwe hemel en die nuwe aarde meteens verskyn. Die volmaaktheid van 'n nuwe aarde met die Nuwe Jerusalem daarop. Die volmaakte verhouding tussen die diere en die mens word ook openbaar. Die boom van die lewe is ook lewend en gee dwarsdeur die jaar sy vrugte.

Die eerste gedeelte is Hoofstuk 21:1-8

Hierdie gedeelte val inderdaad ook uiteen in twee gedeeltes:

- Eerste vertel Johannes dat hy 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sien.
- Daarna beskryf hy die Nuwe Jerusalem wat op die Nuwe Aarde afsak van die hemel af. Daarmee saam is daar 'n beskrywing van wie in die Nuwe Jerusalem sal bly. Daar word ook geopenbaar wie deur God uitgesluit word uit hierdie nuwe aarde met sy stad.

In Openbaring 21:9-21 wys die engel vir Johannes die Bruid. Die Bruid is dan inderdaad die Nuwe Jerusalem wat in haar volle glorie geopenbaar word.

Daarna volg 'n gedeelte oor die Nuwe Jerusalem waarin geopenbaar word dat die Here daarin woon en dat daar geen nag meer sal wees nie – die heerlikheid van God skyn die lig oor alles uit. Die vrede lê so wyd dat die stad se poorte nie gesluit word nie. Geen kwaad van enige aard bestaan daar nie.

### Vers 1

**En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.** (Openbaring 21:1 AFR53)

'n Gebreekte skepping word weer nuut. Die Here se hele raadsplan oor die aarde se geskiedenis het uitgespeel en afgeloop. Alle beloftes en profesieë is vervul. Die tyd gaan oor in die ewigheid – met die voltrekking van die eindoordeel breek die ewigheid aan.

Die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan. Dit beteken dat alles wat daarvoor beplan was, uitgeloop en afgehandel is. Dit is waarna hoofstuk 20:11 verwys:

**En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.** (Openbaring 20:11 AFR53)

Die herskepping vind plaas: Die Here maak 'n *nuwe* hemel en 'n *nuwe* aarde.

Let wel: Die Griekse woord wat hier vir *nuut* gebruik word, beteken juis dat die *nuwe* aarde en die *nuwe* hemel nie 'n *ander aarde is en 'n ander hemel* is as die bestaande een nie. Dis *dieselfde hemel en dieselfde aarde* wat deur God herskep word, met ander woorde *nuut gemaak* word. Dit word vrygemaak van alle letsels van die sonde en van die werking van die satan.

Hierdie herskepping is uiters nodig, want ons tyd en ons skepping is gebreek. Ons verhouding met die Here en met ons naaste het as gevolg van ons sondeval stukkend geraak. Die natuur van ons skepping buig onder die vloek wat God na ons sondeval oor die aarde uitgespreek het: Vervloek is die aarde om jou ontwil! Die volmaaktheid wat hier was, is geskend, en daarby is die verderf wat ons mense aanrig so besmetlik dat die heerlijkheid van die Here ook nie finaal hier kan toetree nie. Daarom bewerk God die Here 'n herskepping: 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

Die aarde sal nuut en anders wees. Dit sal nie net herskep wees met nuwe plantegroei nie. Dit sal ook vry wees van die vloek van die mens se sondeval:

**Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. ... in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.** (Romeine 8:19, 21 AFR53).

In die nuwe hemel en op die nuwe aarde woon daar net geregtigheid (2 Petrus 3:13). Daar is geen bedrog nie en niemand pleeg enige on-reg teenoor enige ander mens of teenoor God nie. Daar is niemand wat hom skynheilig voordoen voor God of enige iemand nie, want almal lewe daar uit hulle harte en hulle siele eerlik.

Die Here het hierdie gebeurtenis reeds deur die profeet Jesaja laat voorspel:

**Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.** (Jesaja 65:17 AFR53)

Die apostel Petrus het hierdie gebeurtenis ook gepreek. Die Heilige Gees het dit dus aan hom ook al geopenbaar:

**Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.**  
(2 Petrus 3:10-13 AFR53)

Die hele skepping – hemel en aarde – word deur God rein gemaak. Die rede is voor die hand liggend: In elkeen van hulle was daar 'n sondeval! Daarom word die hele skepping in totaal herskep, rein gemaak, en anders ingerig as wat die een was wat deur die sonde besmet was.

Johannes sien dat die nuwe aarde ook nie meer 'n see het nie.

Die see is natuurlik die simbool van iets wat skeiding maak en wat bedreig. Dis die simbool van opstand en gevaar. Vergelyk hiervoor Jesaja 43:16:

**So sê die HERE wat in die see 'n weg en in die sterk waters 'n pad gemaak het,**  
(Jesaja 43:16 AFR53)

Dink ook aan die sterk uitspraak in Openbaring 17:15 waar die see die simbool is van die onstuimige heidendom!

**En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.**  
(Openbaring 17:15 AFR53)

Dieselfde gedagte kry ons ook in Psalms 65:8

**wat die gebruik van die see stilmaak, die gebruik van hulle golwe en die rumoer van die volke;** (Psalms 65:8 AFR53)

Psalm 114:5 beeld ook die opstandigheid van die see uit wat hom nie by die grense wil neerlê wat God daarvoor gestel het nie:

**Wat is dit met jou, o see, dat jy vlug?** (Psalm 114:5 AFR53)

Daar is Skrifverklaarders wat die see sien as:

- die oorsprong van die Bese (Openbaring 12:18; 13:1) en
- bestemming van die dooies (Openbaring 20:13).

Die see as woonplek van die bese (Openbaring 5:13; 7:1-4) sal nie meer bestaan nie, want God maak alles nuut. Die see sal dus ook nuut gemaak word en deel wees van die nuwe aarde.

Die feit dat daar op die Nuwe aarde dus nie 'n see sal wees soos wat ons die see ken nie, beteken simbolies dat die Here alle grense en bedreigings wat daar vir sy gelowiges mag wees, uit die weg ge-ruim het.

## **Vers 2**

**En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.** (Openbaring 21:2 AFR53)

Die neerdaal van die stad – die Nuwe Jerusalem – van God uit die hemel op die aarde, is uiters merkwaardig. Die eerste keer dat ons in die Bybel van stede lees, was dit nie deur die gelowiges gebou nie. Dit was eie aan die ongelowiges! Kyk na die volgende voorbeelde:

**En Kain het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Henog gebaar. Daarna bou hy 'n stad en noem die stad na die naam van sy seun Henog.** (Genesis 4:17 AFR53)

**En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie.** (Genesis 11:4 AFR53)

Die verwagting is dus dat stede in die herskepping nie deel sal wees van die gelowiges en hulle opdragte en lewe op die Nuwe Aarde nie.

Die openbaring aan Johannes toon nou dat daar wel 'n stad op die Nuwe Aarde sal wees. Dit sal nie 'n stad wees wat deur mense gebou is nie. God self bou hierdie stad en berei dit voor. Dan plaas Hy dit vir sy verlostes op die Nuwe Aarde om daarin te woon.

Daar is meer plekke in die Bybel waar ons verwysings na hierdie stad – die Nuwe Jerusalem – kry. Voorbeelde is die volgende:

**Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.** (Hebreërs 11:10 AFR53)

**Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.** (Hebreërs 11:16 AFR53)

Die nuwe stad is **heilig**. Dit beteken dat dit aan God **gewy** is. Met ander woorde: dis vry van sonde. Die karakter van die stad is smetvry.

Vergelyk hierby die volgende gedeeltes:

**Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal.** (Galasiërs 4:26 AFR53)

**Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgebore-nes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament,**  
(Hebreërs 12:22-24 AFR53)

Die stad verskil egter van stede soos wat ons dit op die aarde ken. Hierdie stad is terselfdertyd God se gemeente. Sy kerk/uitver-korenes/verlostes/herskeptes. Die beeld wat die Here gee in hoofstuk 19:6-8 maak dit duidelik:

**En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daed van die heiliges.**  
(Openbaring 19:6-8 AFR53)

Die profesieë van hierdie stad kom al eeue uit die Ou Testament aan. Die neerdaal van die Nuwe Jerusalem is slegs die voltooiing van die profesieë wat lankal deur die profete voorsê is. Voorbeelde is die volgende:

**In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda: 'n Sterk stad het ons; God stel heil tot mure en skanse. Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar!**  
(Jesaja 26:1, 2 AFR53)

**O Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God! (Jesaja 40:9 AFR53)**

Psalm 48 is profeties van die Nuwe Jerusalem.

**Soos u Naam, o God, so is u roem tot die eindes van die aarde toe; u regterhand is vol geregtigheid. Laat die berg Sion bly wees, laat die dogters van Juda juig oor u oordele. Gaan rondom Sion, trek daaromheen, tel sy torings; let op sy skanse, wandel deur sy paleise, sodat julle dit aan die volgende geslag kan vertel, dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd; Hy sal ons lei tot die dood toe.** (Psalms 48:11-15 AFR53)

Daar is Skrifverklaarders (byvoorbeeld S. Greijdanus in *Korte verklaring. De openbaring des Heren aan Johannes*) wat hierdie gedeelte so verstaan dat die Nuwe Jerusalem reeds besig is om elke dag neer te daal in sover dat God daaglik uitverkorenes deur be-kering voorberei as sy Bruid. Die getal van die kerk (uitverkorenes) wat daaglik besig is om te groei tot op die volle getal. Daaglik kom mense tot bekering en ervaar reeds die eerste beginsels van ewige heerlijkheid – soos die bruid wat vir haar man versier is.

Die bekering van die gelowiges uit al die nasies word inderdaad beskryf in Openbaring 22:2 met die beskrywing van die boom van die lewe. Dis die boom wat in die Paradys gestaan het – waarvan Adam en Eva voor die sondeval kon eet! Die Here het hulle en die boom na die sondeval uit mekaar se teenwoordigheid verwyder, sodat die gevolge van die sonde nie ewig blywend sou wees nie.

**In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.** (Openbaring 22:2 AFR53)

In Openbaring 21 is daar nog twee verwysings na bekering en heiligwording:

**Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.** (Openbaring 21:7 AFR53)

**En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.** (Openbaring 21:27 AFR53)

Die hoogtepunt van hierdie saak word in hoofstuk 21:6 beskryf:

**... en hulle sal die heerlijkheid en die eer van die nasies daarin bring.** (Openbaring 21:26 AFR53)

Tyd en ewigheid vervloei in hierdie gesig. Die twee “tydperke” word in hierdie beskrywing van die Nuwe Jerusalem nie begrens uit-mekaar gehou nie.

Die saliges wat daar woon is nie net vlekkeloos vry van sondes nie. Hulle is ook vry van die gevolge van die sondes. Daar is geen armoede nie, en daar is geen siektes nie. Daar is geen swakheid nie en daar is geen begraafplaas met vars of ou graftes nie.

Op daardie tydstip het alles wat die Here voorberei het vir 'n volmaakte saamwoon tussen Hom en sy uitverkorenes in vervulling gegaan. Die Here voorsien vir ons selfs 'n stad: Die Nuwe Jerusa-lem. Die stad van ewige lewe. Die stad sonder son en sonder dae omdat die heerlijkheid van God daar een ewige dag veroorsaak.

Daar word in Hebreërs 12:22 vermeld dat hierdie stad tienduisende engele sal hê wat saam met God en die uitverkorenes sal wees. Die boom van lewe, waarvan ons lees wat aan die begin in die Paradys gestaan het, groei ook daar. Daar is 'n rivier met volmaakte

water soos kristal. Met al hierdie beskrywings leer die Here ons die edelheid en die kwaliteit van lewe wat daar sal wees. 'n Nuwe aarde met 'n nuwe stad waar alles gevul en vervul is met die hoogste heerlijkheid.

Daar is in die lewe hierna net seëninge. Die mense wat daar woon, is 'n gemeenskap wat hulle hele bestaan vul met dien en prys van die ewige en almagtige God. Hulle is 'n volk wat met die magtigste hemelkore en praatkore God verheerlik:

**Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende; en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat ge-slag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid en lof. En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! En die vier lewende wesens het gesê: Amen! En die vier en twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid.**

(Openbaring 5:11-14 AFR53)

Hierdie gedeelte in Openbaring bedoel dus om lerend, opbouend en vermanend te wees.

**Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.** (2 Timoteus 3:16, 17 AFR53)

**Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê. En mag die God van lydsaamheid en bemoediging aan julle gee om eensgesind onder mekaar te wees ooreenkomstig die wil van Christus Jesus, sodat julle die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtiglik uit een mond kan verheerlik.** (Romeine 15:4-6 AFR53)

#### Vers 3, 4

**En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verby-gegaan.** (Openbaring 21:3, 4 AFR53)

'n **Groot stem praat uit die hemel.** *Groot stem* beteken dat dit 'n harde stem is wat op elke moontlike plek gehoor word. Uit die hemel word aangekondig dat die tent van God by die mense is.

Die woord wat in die Afrikaanse Bybel met *tabernakel* vertaal word, se basiese betekenis is *tent*.

Die woord word egter ook gebruik om die tabernakel van die verbond aan te dui. Daarom word dit vertaal met tabernakel.

- Die tabernakel was die tent wat die tempel van die Here gesimboliseer het tydens die reis deur die woestyn van Egipte af na Kanaän toe.

- Dit was ook dit simbool van God se teenwoordigheid onder en tussen sy volk/uitverkorenes.
- Die Here het simbolies tussen die wat Hy gered het gebly.

Daardie simboliek kom in Openbaring 21 tot volkome vervulling. Daarom is die vertaling van die Griekse woord **skênê** as *tabernakel* verkiesliker as *tent*.

Vergelyk hiermee saam die volgende Skrifgedeeltes:

**hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.**  
(Hebreërs 8:5 AFR53)

**So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die ere-diens asook sy aardse heiligdom gehad. Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word; en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste, waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemaal met goud oortrek,** (Hebreërs 9:1-4 AFR53)

**En hy het ook die tabernakel en al die gereedskap van die diens net so met die bloed besprinkel. En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande ge-maak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;**  
(Hebreërs 9:21-24 AFR53)

**Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie;**  
(Hebreërs 13:10 AFR53)

Die boodskap uit die hemel is dus dat God by die mense woon. Die simboliek is duidelik: Hy verskyn nie net en dan verdwyn Hy weer nie. Hy het sy intrek gemaak. Hy woon permanent. Die tabernakel is sy "huis".

In die Ou Testament was daar al profesieë wat hierdie permanente inwoning van die Here by sy volk voorsê het. Dit is 'n duursame verblyf:

**En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.**  
(Esegiël 37:28 AFR53)

'n Tent is hier meer as net die simbool van 'n blyplek. Dis ook die simbool van ruimte – uiteindelik van ewigheid. 'n Goeie illustrasie hiervan lees ons in Jesaja 54: 2-3:

**Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in. Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.** (Jesaja 54:2, 3 AFR53)

Die beeld van die tent verklaar wie dan die inwoners van die tent is: ... **die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees** ... (Openbaring 21:3b AFR53)

Die mense by wie die Here bly en wat sy volk is, is die gelowiges. Vergelyk hiervoor Levitikus 26:11, 12:

**En Ek sal my tabernakel onder julle oprig, en my siel sal van julle geen afsku hê nie. En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees.**

(Levitikus 26:11, 12 AFR53)

Dieselfde saak kom ook voor in Jeremia 31:31-33:

**Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie — my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieders oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.**

(Jeremia 31:31-33 AFR53)

God self sal by hulle wees. In wese is dit die volle hemelse saligheid wat dan oor hierdie mense kom.

- Die kern van die hiernamaalse saligheid is die ewige teenwoordigheid en liefde van die Here by ons.
- Dis is ook om in volmaaktheid op die nuwe aarde te lewe en te werk onder volmaakte omstandighede en met die Here se volmaakte seën wat al ons handewerk afrond.

Vers 4 beskryf dan al die ander seëninge wat uit hierdie teenwoordigheid van God voortvloei.

**En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.**

(Openbaring 21:4 AFR53)

Die Here vat alle siekte en ellendes weg. Inderdaad is die bedoeling van die negatiewe uitdrukking (**geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie**) om die positiewe sterker te stel. Daar gaan gejuig word, want niemand gaan meer dood nie en niemand word ook meer deur die dood gedreig/bedreig nie. Daarom is niemand ook meer in rou nie, want daar is niemand dood oor wie daar gerou sal word nie. Vanself-sprekend huil niemand nie – omdat almal juig van vreugde.

Selfs met ons handewerk gaan dit anders op die nuwe aarde, want daar is geen moeite nie. Almal werk met vreugde en blydschap – daar sal nie meer moeite wees nie.

Die ware gelowiges was al vir eeue van hierdie toestand in die hiernamaals bewus. Vergelyk die volgende Skrifgedeeltes wat dit al geprofeteer het:

**en die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg.**

(Jesaja 35:10 AFR53)



**So sal dan die losgekooptes van die HERE teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg. (Jesaja 51:11 AFR53)**

**En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweene of die stem van geskreue nie. Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word. En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:  
(Jesaja 65:19-21 AFR53)**

Alles wat op die aarde bekend was, sal verbygegaan het. Die hele wêreld met sy wanverhoudinge en al die ellendes wat eie is aan die aardse tyd van die wêreld se bestaan, is net nie meer daar nie.

Die Here gee ons 'n kykie in die hiernamaals in. Al die mense staan voor God se troon. Johannes sê dat Hy gesien het dat hulle klein en groot voor die Here staan. Geringes en magtiges, almal sonder uitsondering. Dan maak die Here die boeke oop. Ons lees ook hiervan in Daniël 7:10

**'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. (Daniël 7:10 AFR53)**

Soos wat God alles opgeteken het, so oordeel Hy almal. Elkeen word geoordeel volgens sy werk tydens sy lewe op die aarde. Niemand kan oor onreg kla nie. Almal word regverdig geoordeel. Die regmatige straf wat pas by die verantwoordelikheid wat elkeen aan die dag gelê het, word opgelê.

Wanneer hierdie dinge gebeur, begin die bruilof van die Lam. Daar staan geskryf (Openbaring 19:7) dat ons ons dan moet verheug en aan Hom die heerlijkheid moet gee, want die bruilof van die Lam het gekom, en sy bruid het haar gereed gemaak. Hierdie bruid is die kerk – al die gelowiges. En sy is aangetrek met blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die gelowiges.

Dit is wat daar geskryf staan in die gedeelte wat ons gelees het (21:3), al is dit net met ander woorde beskryf:

**Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. (Openbaring 21:3 AFR53)**

So lyk dit hierna. God woon by die mense! God woon dan nie meer onsigbaar in sy Gees onder ons nie. God is self daar in al sy heiligheid en Hy gaan nooit weer van ons af weg nie. Daar bestaan dan vir ewig 'n duursame verhouding tussen God en die verlostes.

Die kern van die saligheid word hier met groot klem geleer: God is daar in al sy heerlijkheid. En hierdie nuwe samelewing is totaal anders as die een op die aarde. God sê: Kyk, Ek maak alles nuut! Toestande in die natuur, lewenswyses en werksaamhede. Alles. Daar is nie meer tranes nie. Niemand kan daar meer sterf nie, want die dood is dan reeds vernietig deur God. Net die lewe tot in ewigheid bly dan oor.

**Vers 5-7**

**En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. (Openbaring 21:5-7 AFR53)**

Op hierdie punt neem God self die woord. Hy openbaar Homself steeds as die Skeppergod en die Albestierder van alles wat bestaan. Van sy troon – waarvandaan Hy regeer – vestig Hy die aandag daarop dat Hy alles nuut maak. Hy sê ook duidelik dat alles dan verby is. Sy raadsplan oor wat op die aarde sou gebeur tot voor sy wederkoms, is voltooi en afgehandel.

**Alles** beteken letterlik elke ding wat daar in die skepping bestaan!

Die klem van die sin val ewe sterk op twee woorde; **Alles** en **nuut**.

- Dit beteken dat alle fisiese dinge soos bome, plante, grond, klippe en mense – letterlik alles herskep en nuut gemaak word.
- Dit beteken ook dat alle dinge soos verhoudings tussen mense en die skepping en die diere ook vernuut word. Dit sluit dinge soos bestaanswyses, toestande en werkswyses wat verander word in.

Hierdie vernuwing beteken ook dat alles nie net *anders* sal wees nie, maar dat alles ook *verheerlik* en *volmaak* sal wees.

**Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis. Die wilde diere van die veld sal My eer, die jakkalse en die volstruise; want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink. Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig. (Jesaja 43:18-21 AFR53)**

**Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee by-mekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die ge-speende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die **HERE** soos die waters die seabodem oordek. En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees. (Jesaja 11:6-10 AFR53)**

Moeite was ook beperk tot die aarde. Die lewe op die nuwe aarde is sonder moeite. Werk is daar ook nie meer 'n straf nie. Dit kom spontaan tot God se eer. In hierdie nuwe bedeling is daar geen vrees vir straf nie, want ook dit het verbygegaan.

Hierdie nuwe skepping, of herskepping, bereik die hoogste doel van God met die mens: 'n Volmaakte gemeenskap waarin die mens leef tot eer en verheerliking van God. Hierdie nuwe hemel en nuwe aarde voltooi die werk van die Here met ons.

Die Here beskou hierdie openbaring as uiters belangrik. Die kerk moet dit weet en dit moet tot met die wederkoms by die kerk bly. Hierdie feite moet geken en geglo word. Daarom gee die Here die opdrag aan Johannes:

**Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.**

In die boek Openbaring word drie maal gesê dat die openbaring geloofwaardig en eg is:

**Toe sê hy vir my: Skryf — salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.** (Openbaring 19:9 AFR53)

**En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.** (Openbaring 21:5b AFR53)

**En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur.**

(Openbaring 22:6 AFR53)

Hierdie openbaring is nie 'n mooi teorie waarmee die lesers van hierdie boek besig gehou word nie. Dit is die waarheid soos dit deur die Here aan sy gelowiges geopenbaar word. Dis 'n boodskap wat lewe en dood bepaal. Die Here Jesus Christus se dood en opstanding waarmerk die boodskap. God waarborg die nuwe Jerusalem as 'n werklikheid.

Die Here het al eerder aan Johannes geopenbaar dat Hy letterlik die begin en die einde is. **Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde.**

Vergelyk hiervoor:

**Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.**

(Openbaring 1:8 AFR53)

**Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.** (Openbaring 1:11 AFR53)

**En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.** (Openbaring 21:6 AFR53)

**Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.**

(Openbaring 22:13 AFR53)

Die Here openbaar dus dat Hy nog steeds presies dieselfde onveranderlike God is wanneer die tyd op aarde eindig as wat Hy was toe Hy alles geskape het. Die Here is in sy Wese onveranderlik. Alles behoort dus van ewigheid tot ewigheid aan Hom.

Vergelyk hierby wat die Heilige Gees deur Paulus se pen laat neerskryf:

**Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.** (Romeine 11:36 AFR53)

**So sê die Here, die Koning van Israel en sy Losser, die Here van die leërskaar; Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.** (Jesaja 44:6 AFR53)

**Luister na My, o Jakob, en Israel, wat Ek geroep het, dit is Ek; Ek is die Eerste, ook is Ek die laaste.** (Jesaja 48:12 AFR53)

Dis presies wat die volgende woorde dan ook beteken:

**Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.**

Hierdie beeld kom uit die profesie van Jesaja:

**O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! (Jesaja 55:1 AFR53)**

Die dag wanneer hierdie lewe verbygaan, roep God al die dorstige en behoefte mense na Hom toe. Dan gee Hy aan hulle water uit die fontein van lewe. Verniet.

Prakties en eenvoudig gestel: Die Here gee vir die mees behoefte en ellendigstes van mense (mense wat dors het) alle redding en heil (uit die fontein van water van lewe). Alle behoeftes wat hulle hoege-naamd kon hê, word bevredig en vervang met vervulling.

### **Vers 7**

**Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. (Openbaring 21:7 AFR53)**

Hulle wat tydens hulle aardse lewe gestry het teen die kwaad en hulle wat die behoefte ervaar het om verlos te word van al die dinge wat hulle van God af weg verlei, hulle almal kry sonder verdienste deel aan die weldade van Christus.

Dit is hulle van wie geskryf is in 2 Korintiërs 5:17:

**Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel. Die ou dinge het verbygegaan. Kyk, dit het alles nuut geword. (2 Korintiërs 5:17 AFR53)**

Dit beteken nie dat mens hierdie lewe sonder blydskap en genot moet beleef nie. Ons het baie voorregte en vreugdes in die Here.

Hierdie dinge behoort vir ons die aansporing te wees om ons geloof en ons godsdiens voluit en onberispelik te beoefen. Kyk net wat het ons om te wen. Daar is hoegenaamd geen nut om aan die genot van die aarde en ons sondes vas te hou nie, want dit gaan alles op daardie oomblik verby.

### **Vers 8**

**Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodediensers en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood. (Openbaring 21:8 AFR53)**

Nadat die saak van die verlostes duidelik gemaak is, word daar geopenbaar wat van die gaan word wat nie op die Nuwe Aarde en in die Nuwe Jerusalem sal wees nie. Die Here openbaar ook wie hulle is.

Die toekoms van hierdie groep is uiters benard en onbeskryflik ellendig. Die beskrywing van hierdie verlorenes se straf en die hel waarin hulle beland, se eerste bedoeling is om die mense te waarsku om hierdie mense nie na te volg nie. Wie hulle werke doen, deel hulle rampe en donker toekoms in die ewigheid.

Hierdie groep se einde word baie duidelik en ondubbelsinnig geopenbaar: **hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**

Die tweede dood word in die omgangstaal beskryf as die plek en toestand waar 'n mens se liggaam en siel weer verenig word, en dan in die hel gewerp word.

Die Here Jesus het 'n hele paar keer na die plek verwys waar die ongelowiges (slegte mense) gaan beland in die hiernamaals. Dink byvoorbeeld aan Matteus 13:49, 50:

**So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.** (Matteus 13:49, 50 AFR53)

Wie is hierdie mense wat na die poel van vuur (hel) toe gaan?

**... die vreesagtiges ... ongelowiges en gruwelikes en moorde-naars en hoereerders en towenaars en afgodediensnaars en al die leuenaars ...** (Openbaring 21:8 AFR53)

**Die vreesagtiges.** Dis al diegene wat hulle vir die Here en vir die Here se saak geskaam het tydens hulle aardse lewens. Dis hulle watter wille van wat mense van hulle gedink het, of ter wille van wêreldse genot, of omdat hulle druk wou vermy, hulle beginsels (dit wat vir die Here belangrik is!) laat vaar het.

**Die ongelowiges.** Dis mense wat die Here verwerp het. Hulle is ongelowig omdat hulle ontrou aan die Here is. Hulle eie wysheid staan voorop. Waar dit in konflik kom met God se insig en doen en late, word die Here bloot weggeskuif. Hulle eerste en hoogste voorkeure grond in hulleself (die duiwel se woorde "... julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken...")

**Die gruwelikes.** Hierdie mense val in dieselfde kategorie as die groot hoer Babilon.

**En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenskap, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.** (Openbaring 17:4, 5 AFR53)

Iemand wat gruwelik is, is iemand wat homself/haarself afskuwelik maak deur alle sondes/lelike/vieslike dinge te doen omdat dit deel is van hulle daaglikse lewenstyl. Hulle is vir die eer en die heerlikheid van God afskuwelik.

**Moordenaars en hoereerders.** Hierdie twee groeperinge hoort by mekaar. Dink aan dit wat die Here Jesus self gesê het:

**Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.** (Matteus 5:22 AFR53)

**Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.** (Matteus 5:28 AFR53)

Of wat die Heilige Gees deur Bybelskrywers laat neerpen het:

**Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of eg-brekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.** (Korintiërs 6:10 AFR53)

**hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is,**  
(1 Timoteus 1:10 AFR53)

**Towenaars.** Towenaars was ook gifmengers. Hierdie groep is al diegene wat op allerhande geheime kragte en satanisme vertrou. Die Nagmaalformulier gee 'n hele lang lys van mense en hulle sondes – mense wat nie mag Nagmaal gebruik nie. Dis almal mense wat hel toe gaan as hulle nie tot bekering kom nie. Daarom mag hulle nie aan die Here se verlossingstafel verskyn nie. Onder hulle word ook die towenaars en waarsêers genoem.

*Volgens die bevel van Christus en van die apostel Paulus vermaan ons dan ook almal wat weet dat hulle met die volgende aanstootlike sondes besmet is, om nie die nagmaal van die Here te gebruik nie, en ons verkondig aan hulle dat hulle geen deel aan die ryk van Christus het nie: alle afgodsdienaars; almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander geskape dinge aanroep, en die wat beelde vereer; **alle towe-naars en waarsêers wat diere of mense of ander dinge besweer en die wat aan so 'n beswering glo;** alle veragters van God en sy Woord en die heilige sakramente; alle Godslasteraars; almal wat skeu-ring en oproer in kerk en staat wil veroorsaak; almal wat vals sweer (Levitikus 19:12) en wat hulle ouers en owerhede ongehoorsaam is; alle moordenaars en twissoekers en die wat in haat en nyd teen hulle naaste lewe; alle egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, onwet-tige winsmakers, rowers, dobbelaars, gierigaards en almal wat aanstootlik lewe (1 Korintiërs 5:11. Efesiërs 5:5, Eksodus 20:12-17, Sagaria 8:17). Hulle almal moet, solank hulle in sulke sondes volhard, hulle van die nagmaal onthou, wat Christus alleen vir sy gelowiges ingestel het, sodat hulle oordeel en verdoemenis nie nog swaarder word nie.*

**Afgodedienaars.** Die Heidelbergse Kategismus gee 'n definisie van wat onder afgodery verstaan word:

*Vraag 95: Wat is **afgodery**?*

*Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel (a).*

*(a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 9; Joh 5:23.*

**al die leuenaars.** Dis mense wat so lewe dat hulle totale bestaan met leuens en onwaarheid deurspek is. As iemand nie by die waarheid kan bly nie, kan hy ook nie by God bly nie, want by God bestaan net die waarheid. Hy verag die leuen. Die Satan is juis die groot leuenaar. 'n Mens wat met leuens lewe, skaar homself dus by die Satan. Vergelyk hiervoor Johannes 8:44, 45:

**Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie.** (Johannes 8:44,45 AFR53)

Daar is net een straf vir die wat straf ontvang: Dit is die hel, of die tweede dood, soos dit hier genoem word. Daar is geen versagtende omstandighede nie. Óf jy is verlos in

Christus – en jy ontvang die ewige lewe, óf jy het God nie gedien nie – en jy ontvang die ewige dood as beloning.

Johannes vertel waarvandaan al hierdie mense kom wat daar voor God se troon staan. God het hulle almal opgewek uit die dood. Die see het sy dooies gegee en die dood en die doderyk het die gegee wat almal daarin was. Die graftes gaan oop, en die mense kom liggaamlik daaruit te voorskyn. Nie een ontbreek nie.

Dit word alles so deeglik beskryf, omdat ons daarmee die eerlikheid en regverdigheid van die vonnis moet besef.

- Niemand gaan God se oordeel vryspring nie.
- En niemand gaan geoordeel word vir wat hy nie gedoen het nie.

In die hiernamaals raak alles weg wat ons hier op die aarde geken het. Die aarde en sy dinge het verbygegaan.

Daarna verhaal Johannes met 'n korthed wat byna nie pas by die geweldige belangrikheid van die gebeurtenis nie, dat die nuwe hemel en die nuwe aarde verskyn. Die ewigheid breek aan.

Die oordeel is ook by ons. Ons moet besef hoe ernstig die eis tot ware bekering is, want die Here Jesus het die toegang tot die nuwe aarde toegesluit vir almal wat die werk van Jesus Christus en van God die Heilige Gees bedroef. Dit is hulle van wie die Bybel hier vertel dat hulle elke keer uitgewerp is wanneer daar gevind is dat hulle name nie in die boek van die lewe geskryf staan nie.

Ons het met die sondeval die ware aard en karakter van die mens verloor. Ons is nie meer wat God by die skepping bedoel het wat ons moet wees nie. Maar met die begin van die nuwe bedeling gee die Here aan ons die volle beeld van die mens, soos wat hy na die beeld van God geskape was, terug. Hy herskep dit terug in ons in sonder dat ons enige prestasie daarvoor hoef te lewer.

Luister hoe staan dit in die brief aan die Filippense geskryf: Ons burgerskap is in die hemele waarvandaan Christus die Verlosser kom om ons liggame gelyk te maak aan sy verheerlikte liggaam. Ons sal daar ook met goddelike heerlikheid beklee wees.

**Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.** (Filippense 3:20, 21 AFR53)

## **Vers 9**

**En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.** (Openbaring 21:9 AFR53)

Johannes begin om 'n beskrywing van die Nuwe Jerusalem te gee. Hierdie gedeelte gaan deur tot by hoofstuk 22:5.

Die engel wat na Johannes toe gekom en met hom kom praat het, was bekend aan Johannes. Hy identifiseer die engel as een van die sewe engele wat die skaalbakke met

die laaste plaë in, op die aarde uitgegooi het. Dit is dus 'n baie belangrike engel wat ook 'n baie hoë posisie in die hemel beklee.

Dit word nou duidelik dat sekeres van die sewe engele wat die skaalbakke uitgegooi het, Johannes in die verskillende openbaringe begelei. In Openbaring 17:1 verwys Johannes ook na een van hierdie engele:

**En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit,**  
(Openbaring 17:1 AFR53)

Die engel sê vir Johannes dat hy vir hom die Bruid gaan wys. Hyself bepaal sy woorde nader: die Bruid is die vrou van die Lam. Johannes sien dan nie 'n vrou nie, maar 'n stad! Die stad is dus identies met die uitverkorenes.

Die Bruid veronderstel dat daar 'n bruilof gaan wees, want 'n Bruid is net waar daar 'n bruilof is. Inderdaad is hierdie bruilof al lankal pro-feties in sowel die Ou Testament as in die Nuwe Testament voorsê.

In die Ou Testament word die profesie reeds by Jesaja gekry:

**Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskaie is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word.**  
(Jesaja 54:5 AFR1953)

**Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtig-heid gewikkel — soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoof-versiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele.** (Jesaja 61:10 AFR1953)

In die Nuwe Testament het die Here Jesus self van hierdie bruilof gepraat:

**En Jesus sê vir hulle: Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? So lank as hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie. Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas, in daardie dae.** (Markus 2:19-20 AFR1953)

Later het die apostel Paulus ook hierdie beeld gebruik:

**Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel.**  
(2 Korintiërs 11:2 AFR1953)

Die stad – die Nuwe Jerusalem – is die finale afronding van God se verlossingswerk in Jesus Christus.

## **Vers 10, 11**

**En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.** (Openbaring 21:10, 11 AFR53)



Die engel het besondere mag wat hy uitoefen. Hy neem Johannes in die gees na 'n baie hoë berg toe. Johannes was dus op daardie stadium op die aarde – daarom word hy net in die gees weggevoer.

Die merkwaardige is dat Johannes dieselfde waarneming kan doen wanneer hy net in die gees is as wat hy kan doen wanneer hy in sy liggaam is. Hy neem waar dat die engel hom na 'n baie groot en hoë berg toe neem.

Waarskynlik is die plasing op die hoë berg simbolies: Om hierdie heilige stad te kan sien, het mens die hoë openbaring van God nodig. Van die aarde af (die laagte/laag wees is die simbool van sondigheid en gebrokenheid en tekortkominge)

Hoë berge vervul 'n prominente rol dwarsdeur die openbaringsgeskiedenis:

- Moses ontvang die Tien Gebooie op die berg Sinaï (Eksodus 19-20)
- Moses kry 'n blik op die Beloofde land vanaf die berg Nebo (Deuteronomium 34)
- Esegieël ontvang op 'n baie hoë berg die visioen van die nuwe tempel (Esegieël 40:1-2)
- Die beloofde stad sal op 'n hoë berg wees (Jesaja 2:1-3; Miga 4:1-2)
- Die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. (Openbaring 14:1)

Van die berg af sien Johannes hoe die heilige Jerusalem van God af uit die hemel neerdaal op die Nuwe Aarde. Johannes sien die heer-likheid wat die stad uitstraal – **dit het die heerlikheid van God gehad!**

Die stad het lig uitgestraal soos die lig wat deur 'n jaspissteen breek.

Die feit dat die stad afdaal op die aarde, simboliseer dat dit 'n stad is wat deur God voorberei is en wat Hy gee.

Van vers 22 af skryf Johannes oor die inwoners van die stad – en ook iets meer oor die voorkoms van die stad.

**En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heer-likheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin. En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie; en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring. En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.**

(Openbaring 21:22-27 AFR53)

Alles en almal is stralend en vervuld met die heiligheid van God.

Hierdie openbaring is inderdaad vir die gelowiges van die grootste belang, want hulle het hierdie vooruitsig nodig om die eindoordeel mee tegemoet te gaan.

**Vers 12-14**

**En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel. Aan die ooste-kant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte. En die muur van die stad het twaalf fundamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.**

(Openbaring 21:12-14 AFR53)

Openbaring 21:2 beskryf hoe die heilige stad, die nuwe Jerusalem, neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Die werklikheid en simboliek smelt saam: God en sy kinders woon vir ewig in volmaaktheid, heiligheid en harmonie saam. In hierdie opsig wys die Nuwe Jerusalem terug na die betekenis wat die aardse Jerusalem gehad het. Die stad self was die simbool van innige ge-meenskap van JHWH met sy volk. Hierin het die tempel as simbool van aanbidding en versoening sentraal gestaan.

Die Griekse woord **kainos** beteken dan ook dat die Nuwe Jerusalem juis simbool is van 'n nuwe bestaanswyse tussen die Here en sy volk.

Die versoening wat deur die Here Jesus volbring is, het ewige betekenis vir die almal wat in die Nuwe Jerusalem woon. Vergelyk hiervoor die volgende Skrifgedeeltes:

**Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.** (Romeine 6:10 AFR53)

Daar is Skrifverklaarders wat hierdie gedeelte van die openbaring in alle opsigte wil vergeestelik. Daar moet egter daarteen gewaak word om alles net te wil vergeestelik en dan die werklikheid op die manier te verloor.

Die **groot en hoë muur** is die simbool van veiligheid, omdat dit beskerming bied. Vergelyk hiervoor:

**In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda: 'n Sterk stad het ons; God stel heil tot mure en skanse.**

(Jesaja 26:1 AFR53)

**En Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in.** (Sagaria 2:5 AFR53)

Die poorte gee toegang van alle kante af. Die poorte getuig ook van 'n openheid, sodat die inwoners na hartelus in die stad kan in-beweeg.

Die nuwe Jerusalem het twaalf poorte – drie in elke windrigting. Dit is 'n aansienlike verandering ten opsigte van hoe die aardse Jerusalem gelyk het, want die aardse Jerusalem het net vyf poorte gehad.

Die vier windrigtings waarheen die poorte van die Nuwe Jerusalem wys toon simbolies dat daar mense vanoor die hele wêreld sal ingaan – mense uit alle volke nasies en tale.

Die Ou Testament profeteer ook reeds hiervan in Jesaja 26:2:

**Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar!**

(Jesaja 26:2 AFR53)

Die getal twaalf soos dit voorkom in **twaalf poorte** en **twaalf engele** is ook simbolies. Twaalf is 4 x 3. Vier is die getal van die aarde, maar dit is ook twee keer die getal van die mens, naamlik twee. Die is die getal van die Drie-enige God. Twaalf (12) simboliseer dus die volmaakte werking van die Drie-enige God met die mense en met die skepping.

In Efesiërs 1:4-6 openbaar die Here dat hy voor die skepping al die getal van die uitverkorenes vasgestel het, maar ook dat Hy hulle in die hiernamaals vlekkeloos in Jesus Christus voor Hom gaan stel.

**soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehag van sy wil, tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.** (Efesiërs 1:4-6 AFR53)

Dit is presies wat in Openbaring 21:12-14 geopenbaar word. Die kerk van die Here kom tot finale vervulling. Die kerk is die uitverkorenes. Die afleiding wat uit vers 24 en 26 gemaak word, is dat alle volke, nasies en tale se gereddes in die Nuwe Jerusalem ingaan om nooit weer daaruit te gaan nie.

**En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin. ... en hulle sal die heerlijkheid en die eer van die nasies daarin bring.** (Openbaring 24, 26 AFR53)

Die twaalf poorte het name:

**en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.** (Openbaring 21:12b AFR53)

Hierdie openbaring is ook nie onbekend nie, want die Here het dit al deur die profeet Esegïel laat profeteer:

**En die poorte van die stad moet wees volgens die name van die stamme van Israel; drie poorte teen die noorde: die poort van Ruben, een; die poort van Juda, een; die poort van Levi, een. En na die oostekant vier duisend vyf honderd el; en drie poorte, naamlik: die poort van Josef, een; die poort van Benjamin, een; die poort van Dan, een. En die suidekant vier duisend vyf honderd lengtemaat; en drie poorte: die poort van Símeon, een; die poort van Issaskar, een; die poort van Sébulon, een. Die westekant vier duisend vyf honderd; hulle poorte drie: die poort van Gad, een; die poort van Aser, een; die poort van Náftali, een; rondom agttien duisend el; en die naam van die stad sal van vandag af wees: Die **HERE** is daar!** (Esegïel 48:31-35 AFR53)

Die feit dat die poorte na al die windrigtings toe wys, simboliseer die verlossing van mense uit alle volke. Daarmee gaan die belofte van die Here aan Abraham in vervulling.

**En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.** (Genesis 22:18 AFR53)

**En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word;** (Genesis 26:4 AFR53)

Die stad van die Here word bewaak deur twaalf engele. Daar kan geen onheil of onheilige in die stad inkom nie ...

**en by die poorte twaalf engele ...**

Die beginsel dat Jerusalem bewaak (en bewaar) sal word, is ook al vantevore deur die profete voorspel. Ons lees iets daarvan in Jesaja 62:6, 7:

**O Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes — moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde!** (Jesaja 62:6, 7 AFR53)

Van die begin van die skepping af openbaar die Here dat Hy die engele gebruik om dit wat vir Hom heilig is, te bewaak. Nadat Adam en Eva uit die Paradys uitgedryf is, het engele – gerubs – ook die toegang bewaak:

**So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die ooste-kant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.**

(Genesis 3:24 AFR53)

Presies dieselfde gebeur met die toegang tot die Nuwe Jerusalem. Almal wat nie by die volk van God behoort nie, word uit die stad uitgeweer.

Die bese en goddeloses is reeds in die poel van vuur gewerp, dus kan hulle nie naby die stad kom nie. Dit lyk asof die doel van die engele is om die oorwinnaars by die poorte te ontvang. Dit word gesimboliseer deur die name van die twaalf stamme van Israel wat op die twaalf poorte gegraveer is. Die wat daar mag/moet ingaan, is dus almal kenbaar.

Alle sterk geboue het fundamente. Dieselfde geld van die Nuwe Jerusalem. Daar is twaalf fundamente. Elke fondament dra die naam van 'n apostel. Dit dui daarop dat die kerk van die Here gebou is op die evangelie wat deur die apostels verkondig is nadat die Here Jesus hulle met hierdie opdrag uitgestuur het.

**So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,** (Efesiërs 2:19, 20 AFR53)

Die Here het die opdrag om die evangelie te verkondig, gegee net voor sy hemelvaart.

**Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

(Matteus 28:19 AFR53)

Natuurlik is die apostels nie die bouers van die stad (die kerk van die Here) nie. Die Here Jesus is self die Bouer.

**En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.** (Matteus 16:18 AFR53)

Die apostels het op hulle beurt gebou op die fondament Jesus Christus die Here. Die Lam is terselfdertyd ook die fondament waar-op die kerk rus.

**Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.** (1 Korintiërs 3:11 AFR53)

Hierdie waarheid word uitgedruk in die kwalifisering van wie die apostels is: Hulle is die apostels van die Lam. Hy is hulle Sender.

Al die apostels se werk berus dus op die inhoud van die opdrag wat hulle uitvoer: Die inhoud is die verlossing deur die Here Jesus Christus die Lam van God.

**Vers 15-17**

**En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet. En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. En hy het sy muur gemeet op honderd vier en veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is.** (Openbaring 21:15-17 AFR53)

Die engel wat met Johannes praat, het 'n goue meetstok waarmee hyself die stad en sy mure meet. Johannes kyk dus hoe dit gebeur. Hy is deeglik bewus van die presiese afmetings soos wat die engel dit aankondig. Die uitmeet van die stad is nie net om agter te kom hoe groot dit is nie. Dit ook simbolies bedoel om aan te toon dat die stad die presiese afmetings van God se raadsplan het. Die stad is die kerk/uitverkorenes. Hulle is in hierdie volmaakte plek en toestand in God se teenwoordigheid presies soos wat God dit van die begin af bepaal het. Die uitmeet daarvan is om die presiese planmatigheid van God se verlossingsraad uit te beeld.

*Meet* beteken hier dat dit wat gemeet word aan God behoort en dat die resultaat die uitvoering van sy Raadsplan is, soos in Jeremia 31:38-40:

**Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat die stad vir die HERE herbou sal word, van die toring Hanáneël af tot by die Hoek-poort. En die meetsnoer sal verder reguit aanloop tot by die heuwel Gareb en swaai na Goa toe. En die hele dal van die lyke en van die as, en al die velde tot by die spruit Kidron, tot by die hoek van die Perdepoort teen die ooste, sal aan die HERE heilig wees; dit sal nie weer uitgeruk of verwoes word in ewigheid nie.**

(Jeremia 31:38-40 AFR1953)

Die stad is 'n kubus – lengte, breedte en hoogte is dieselfde, net soos die tempelgebied wat Esegïël gesien het in Esegïël 42:15-20. Tog is dit duidelik dat die Here iets wat die grense ? ruimte oorskry, in ons verstaanbare mate aan ons openbaar.

Die stede wat ons ken is plat. Daar kan hoë geboue in wees, maar op aarde kan die stad nie net so hoog wees soos wat dit lank en breed is nie. Hoe sal die mense in aardse terme – in die boonste dele van die kubus kan bly en woon? Die Here openbaar dus dat die Here in die hiernamaals ook die grense van tyd en ruimte ophef.

As die afstand van die muur omgeskakel word in ons (aardse) metrieke mate, lyk die stad soos volg:

1 stadion is ongeveer 185 meter. ('n stadion is 'n ou Griekse afstand)

Die engel meet die stad 12 000 stadia.

Die lengte van die stad is dus 12 000 x 185 meter = 2 220 kilometer. Die breedte en die hoogte is dieselfde afstand.

Dit gaan nie oor die letterlike grootte nie maar oor die simboliek van die getal 12 000.

Die getal is as volg saamgestel: 3 x 4 x 10 x 10 x 10. Drie is die getal van die Drie-Enige God. Vier is die getal van die aarde. Tien is die getal van die volheid van God. Dit word drie keer herhaal – een keer vir elke persoon van God.

Die Here openbaar in Openbaring 21:22, 23 die volgende:

**En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.**

(Openbaring 21:22, 23 AFR53)

Die hele stad is dus ook terselfdertyd tempel. Die openbaring gryp dus terug na die tempel wat in die Ou Testament die inwoning van God gesimboliseer het. Tog is die vervulling in die hiernamaals effens anders: God is volmaak teenwoordig in die hele stad, soos wat Hy volmaak teenwoordig in die Allerheiligste van die ou tempel op die aarde was.

Die engel meet ook die muur en dit is 144 el hoog of dik. Die Bybel sê nie of dit die dikte/breedte of die hoogte van die muur is nie. Waarskynlik sal dit die breedte en die hoogte wees omdat dit muur sal lyk soos die stad lyk! Die stad se lengte en breedte en hoogte is dieselfde. Die beeld lei mens daartoe om te aanvaar dat die muur van die stad dus net so dik sal wees as wat dit hoog is.

Die simboliek daarvan is dus dat dit die volmaakte beskerming en almag van God uitbeeld waarmee Hy sy uitverkorenes in die ewig-heid beskerm. Die dikte simboliseer die ondeurdringbaarheid en die hoogte die beskerming. Geen vyand sal ooit daardeur kan kom nie.

Die getal 144 word met die gelowiges verbind (vergelyk hiervoor Openbaring 7:14; 14:1, 3). Al die geredde gelowiges is dus in die stad.

### **Vers 18-21**

**En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. En die fundamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; die vyfde sardoniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrisopraas, die elfde hiasint, die twaalfde ametis. En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas. (Openbaring 21:18-21 AFR53)**

Hierdie gedeelte openbaar die verskillende boustowwe waarmee die Nuwe Jerusalem gebou is. Die nie boumateriaal waarmee mense nog ooit op die aarde gebou het nie. Al die materiale wat genoem word, is vir die aardse mense kosbare materiaal wat vir juwele en versiering gebruik word.

Die edelgesteentes waarmee die Nuwe Jerusalem gebou is, word deur die hele Bybel al voorgestel aan die gelowiges. Vergelyk hiervoor die volgende Skrifgedeeltes:

- Jaspis

**En die tweede ry: 'n karbonkel, 'n saffier en 'n jaspis.**

(Eksodus 39:11 AFR53)

**Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou;**

(Esegiël 28:13 AFR53)

- Saffier

**Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere;**

(Jesaja 54:11 AFR53)

- Smarag

**En voorsien dit van 'n steeninvulling van vier rye stene: 'n ry met 'n karneool, 'n topaas en 'n smarag moet die eerste ry wees. (Eksodus 28:17 AFR53)**

- Chrisoliet

**Die voorkoms van die wiele en hulle maaksel was soos**

**dié van 'n chrisoliet; en al vier het dieselfde vorm gehad; daarby was hulle voorkoms en hulle maaksel asof daar 'n wiel binne-in 'n wiel was. (Esegiël 1:16 AFR53)**

- Topaas

**En hulle het daarin vier rye stene ingevul: 'n ry met 'n karneool, 'n topaas en 'n smarag was die eerste ry. (Eksodus 39:10 AFR53)**

- Hiasint

**die derde uit 'n hiasint, 'n agaas en 'n ametis,**

(Eksodus 39:12 AFR53)

Die stadsmuur was van jaspis gebou.

Die stad self was van suiwer goud – so suiwer dat dit blink soos glas.

Die fundamente was van verskillende edelgesteentes gemaak. Die twaalf fundamente het die name van die twaalf apostels op en elkeen is versier met 'n edelsteen.

Hierdie edelstene herinner aan die borstas van Aäron in die Ou Testament.

**En voorsien dit van 'n steeninvulling van vier rye stene: 'n ry met 'n karneool, 'n topaas en 'n smarag moet die eerste ry wees. En die tweede ry: 'n karbonkel, 'n saffier en 'n jaspis. En die derde ry: 'n hiasint, 'n agaas en 'n ametis. En die vierde ry: 'n chrisoliet en 'n oniks en 'n sardoniks. Hulle moet in goud vasgesit wees by hulle invulling. En die stene moet volgens die name van die kinders van Israel twaalf wees, volgens hulle name. Soos op 'n seëlsteen uitgesny word, so moet hulle vir twaalf stamme wees, elkeen volgens sy naam.**

(Eksodus 28:17-21 AFR53)

Die edelstene wat as boumateriaal in die Nuwe Jerusalem voorkom, is die volgende:

- Jaspis (iets soos 'n diamant; glashelder)

- Saffier – hemelsblou
- Kalsedoon – groen/rooi (?)
- Smarag – groen
- Sardóniks – vleeskleurig
- Sardius/ sardis – helderrooi
- Chrisoliet – goudgeel
- Krisopraas – goudkleurig (ander bronne sê dis groen?)
- Beril – blougroen
- Topaas – goudgeel
- Hiasint – blouerig
- Ametis – violetkleurig

Elke poort bestaan uit 'n pêrel. Dit simboliseer kosbaarheid, skoonheid en sterkte. Pêrels was baie kosbare juwele in die ou tyd. Kyk ook die gelykenis wat die Here Jesus vertel in Matteus 13:45-46.

Al die strate is van goud wat so suiwer is, dat dit blink soos glas.

Alles in en van die stad blink en skitter – dit getuig dus van suiwerheid, heerlikheid en heiligheid van alles en almal wat deel uitmaak van hierdie stad. Daar is geen sonde, ellendes of dood nie – net die heerlikheid van God en sy genade.

Al hierdie verskillende kleure simboliseer die heerlikheid en veelvuldige wysheid van God wat Hy in sy kerk uitstraal.

### **Vers 22, 23**

**En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heer-likheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.**

(Openbaring 21:22, 23 AFR53)

Uiteraard sou Johannes na die tempel wou kyk – dis die Here Jesus wat aan hom verskyn op Patmos en op aarde was Johannes gereeld saam met die Here Jesus in die tempel om te aanbid. Vir die Jode was die bestaan van Jerusalem sonder 'n tempel ondenkbaar.

Selfs die dissipels het kort voor Jesus se kruisiging nog groot waarde geheg aan die tempel:

**En toe Hy uit die tempel uitgaan, sê een van sy dissipels vir Hom: Meester, kyk watter klippe en watter geboue!**

(Markus 13:1 AFR53)

Dit val Johannes baie sterk op dat daar in die Nuwe Jerusalem is geen tempel nie.

*Die rede is voor die hand liggend: Die stad is identies met die kerk. God is alles in almal – dit is dus 'n toestand van voortdurende volmaakte aanbidding en gemeenskap met God. 'n Tempel wat 'n plek is waar God onder sy volk woon en waar hulle Hom gaan aanbid, sal heeltemal uit plek wees, want almal in die hele stad is ononderbroke in volle gemeenskap met God en sy heerlikheid.*



Alle grense en beperkinge wat ons op die aarde geken het, is weggeneem. Die toestand is na die wederkoms terug by die toestand wat geheers het voor die sondeval! Adam en Eva het ook nie in 'n tempel aanbid nie. Hulle het in gemeenskap met God gelewe – 'n gemeenskap wat nie aan 'n gebou gekoppel was nie. Vergelyk hiervoor:

**En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie;** (Genesis 3:8 AFR53)

In die Nuwe Jerusalem geniet almal die volle volmaakte omgang – in aanbidding en lofverheffing – met die Here. Dit is inderdaad 'n toestand wat alreeds begin het, maar dan eers tot volmaaktheid kom. Dink byvoorbeeld aan wat in Johannes 4:23, 24 geskryf staan:

**Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.**

(Johannes 4:23, 24 AFR53)

Die woorde – **die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam** – het ook betrekking op die woorde wat daarop volg, naamlik ... **die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.**

Die verskillende name wat hier vir die Here gebruik word, openbaar hoedanig die Here daar teenwoordig is en ook op watter manier Hy met sy volk gemeenskap het. Die teenwoordigheid van die Here skitter in volle heerlijkheid – so ook die van die Lam, want die Lam is ook God self.

Omdat die Here dus in die volste sin in die Nuwe Jerusalem woon, het die stad nie meer behoefte aan enige natuurlike lig nie – dit is dan oorweldigend lig! Baie meer lig as wat die natuur kan voorsien. Die heerlijkheid van God en van die Lam bestraal hulle met volmaakte lig.

Jesaja profeteer dit:

**Die son sal bedags jou lig nie meer wees nie, en as glans sal die maan vir jou geen skynsel gee nie; maar die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig, en jou God sal jou sieraad wees. Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie kleiner word nie; want die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig, en die dae van jou treurigheid is verby.**

(Jesaja 60:19-20 AFR53)

Die lig van die Here (God en die Lam) straal oor en in die stad. Dit openbaar ook die almagtige werking van God se krag en vermoëns. Daarom is die toestand ook weer parallel met die toestand soos dit was vroeg tydens die skepping. Dit was drie dae lank lig en donker sonder dat die son en/of die maan enige lig gegee het. Die Here het die son en die maan eers op die vierde dag gemaak sodat hulle elkeen lig kon gee soos wat die Here dit vir hulle gereël het.

Let op hoe die Here dit openbaar in die skeppingsgeskiedenis: Hy het nie natuurlike hulpmiddels nodig om lig te gee/maak nie.

**En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; en God het die lig**

**dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.** (Genesis 1:3-5 AFR53)

God het dus in sy almag die vermoë om lig te maak buite die reëls wat ons op die aarde ken om lig te voorsien.

**En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare. Laat hulle ook dien as ligte aan die uitpansel van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so. God het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre. En God het hulle aan die uitpansel van die hemel gestel om lig te gee op die aarde en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien God dat dit goed was. En dit was aand en dit was môre, die vierde dag.** (Genesis 1:14-19 AFR53)

Jesaja se profesie bevat ook oproepe wat wys na 'n toestand waar die volk van die Here in die volle lig van die Here moet toetree – en daarin bly.

**Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE!**

(Jesaja 2:5 AFR53)

#### **Vers 24-27**

**En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin. 25 En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie; 26 en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring. 27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.** (Openbaring 21:24-27 AFR53)

In die heilige Lig wat in die Nuwe Jerusalem skyn, is daar gereddes uit alle volke. Die feit dat die woord *nasies*

(Grieks: *ethnê*) gebruik word, beteken dat die gereddes nie net uit Israel kom nie. Die woord *nasies* beskryf juis al die volke wat buite Israel is.

Hierdie stad se poorte sal nooit gesluit word nie. Daar kan geen gevaar of onheiligheid ongemerk by die poorte inkom nie, want dit is ewig lig in die stad. Tog is die poorte oop vir die wat die Lam as hulle Verlosser bely en aanbid. Hulle gaan ongehinderd by die engele(wagte) verby in die stad in.

Hierdie verlossingsgebeure wat in Openbaring 21 openbaar word, is die vervulling van profesieë wat al baie eeue terug aangekondig is. Vergelyk hiervoor byvoorbeeld Jesaja 60:11:

**En jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie gesluit word nie, om na jou toe aan te bring die rykdom van die nasies en hulle konings in triomftog.** (Jesaja 60:11 AFR53)

In die Nuwe Jerusalem heers ewige Lig. Dit word nooit donker nie. Dit is vanselfsprekend dat daar geen nag sal wees nie, want om donker te word, beteken dat die heilige lig wat uit God uitstraal, gedoof moet word – dit kan nie gebeur nie.

Die toegang tot die nuwe aarde word beskik deur die Here Jesus Christus. Hy het vir sommiges gesterf. Hulle het Hy verlos. Hulle het in sy verdienste toegang om vir ewig te lewe op die nuwe aarde. Hierdie mense weet wie hulle is, want hulle lewens word gekenmerk deur hulle werke. Laat ons elkeen ons opnuut en met erns bekeer van al ons sondes sodat ons opreg kan volhard om tot in ewigheid die Drie-Enige God te aanbid. En weet: u is nooit een oomblik sonder die genade van God die Here nie!

Die mense wat in die Nuwe Jerusalem inkom, word baie spesifiek bepaal! Die Here het hulle lankal in sy Raad opgeskryf: **net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.**

Die boek van die lewe is ook deur al die eeue aan die gelowiges bekend. Let op die volgende voorbeelde waar die boek in sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament genoem word:

**Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie.** (Psalm 69:29 AFR53)

**En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulp-saam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander medearbeiders wie se name in die boek van die lewe is.** (Filippense 4:3 AFR53)

**Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.** (Openbaring 3:5 AFR53)

**En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.** (Openbaring 20:12 AFR53)

Jesus het die voorwaardes gestel vir die toegang tot die stad:

- Getrouheid aan die wet wat meer inhou (diepe getrouheid aan die Here) as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs – hulle is oppervlakkig, sonder diepte (Matteus 5:20)
- Om die Vader se wil te doen (Matteus 7:21)
- Om soos kindertjies te wees – afhanklik van die Here (Matt 18:3)
- Om uit water en Gees gebore te wees (Johannes 3:5)

In Openbaring 21:27 openbaar die Here ook wie nie in die Nuwe Jerusalem se strate sal kan rondloop nie: **daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie.**

In die vorige hoofstuk het die Here ook hierdie saak duidelik gestel – net in ander woorde:

**En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.** (Openbaring 20:15 AFR53)

In die artikel wat handel oor die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe, staan die volgende in die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die boeke van God geskrywe:

*Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het – die tyd is vir alle skepsels onbekend – en die getal uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus Christus met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, om Homself as Regter oor die lewendes en die dooies aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. Dan sal, gedaag deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God, alle mense, mans, vrouens en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe geleef het, persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn. Want al die dooies sal uit die aarde opstaan, die siel van elkeen saamgevoeg en verenig met die liggaam waarin hy geleef het. En hulle wat dan nog lewe, sal nie soos die ander sterwe nie maar in 'n oogwink verander en uit verganklikheid onverganklik word. **Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies geoordeel word volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, of dit goed was of sleg. Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ligsinnige woord wat hulle gesê het, al beskou die wêreld dit slegs as kinderspel en tydverdryf; en dan sal die geheime bedrog en huigelary van die mense in die openbaar voor almal oopgeplek word.** Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dat sal hulle volle verlossing voltooi word en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolgt, verdruk en gekwel het. **Maar die goddeloses sal deur die getuïenis van hulle eie gewete tot erkenning van hulle skuld gebring word; hulle sal onsterflik word dog slegs om gepynig te word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Matt 25:41).** Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlikheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matt 10:23) en sy uitverkore engele bely; alle trane sal van hulle oë afgevee word (Op 21:4). Dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as kettters en goddeloos ver-oordeel word, die saak van die Seun van God is. En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlikheid gee as wat die hart van 'n mens nooit sou kon bedink nie. Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.*

Vergelyk hierdie dinge met dit wat ons nou op die aarde het. Is dit dan nog moontlik dat ons kan lewe sonder om 'n toekoms in hierdie koninkryk van God te wil hê? As ons eerlik kan antwoord dat ons ons uitstrek om hierdie koninkryk van God as adres te wil hê vir ons lewe hierna, sal ons in die laaste tye baie hard moet werk aan ons geloof. Baie van ons het nog nie eers die eerste beginsels van die geloof onder die knie gekry nie. Ander van ons is geweldig traag om ons verantwoordelikhede na te kom.